Christus is die innerlike van ons godsdiens, nie ons eie geestelikheid nie

ds. PJ Kriel 24.11.2024

Inhoud Hierdie preek wys dat Jesus Christus ons binnekant is en nie ons spiritualiteit nie. Paulus het weggedraai van sy Joodse spiritualiteit na Jesus Christus toe. Alles wat Paulus eers as sy innerlike van sy godsdiens geken het, het vir hom uiterlike dinge geword in sy vereniging met Jesus Christus. Dit is die krag en impak van Paulus se geloofsverklaring oor sy vereniging met Christus Jesus. Alles wat ons vandag ken as mense se innerlike ervaring met God noem Paulus nou deur sy geloof in Christus – vuilis! (Fil.3: 8) Die Gees van Christus is besig met sy lyding, sy kruisiging, sy sterwe, sy opstanding en sy verhoging aan die regterhand van die Vader en Hy laat ons hierdie dinge oordink. Die Gees van Christus is besig met hierdie innerlike dinge – Hy verenig ons met Christus as mens in die hemel op so wyse dat ons ingesluit is en deel het aan die lyding, kruisiging, sterwe en opstanding van Christus. So is Jesus Christus nou ons binnekant! .

Skriflesing Filippense 3: 3 – 16.

Teks Fil. 3: 8 inderdaad reken ek alles as verlies, ter wille van die uitnemendheid daarvan om Christus Jesus my Here te ken.

Tema Christus is die innerlike van ons godsdiens, nie ons eie geestelikheid nie

1. Paulus wys in hierdie Skrifgedeelte met verkillende teenstellings sy wegkeer uit sy eie geestelikheid en toekeer tot Jesus Christus as die Here. Die belangrikste teenstelling is in die Griekse woorde die teenstelling tussen Gees en vlees. Die 1953 vertaling het nog hierdie teenstelling so vertaal: Christus teenoor die vlees. Die 1983 vertaling het dit vertaal as die teenstelling tussen Jesus Christus en “uiterlike dinge.” (3: 3,4) Die 2020 vertaling vertaal die Griekse woord “vlees” met “liggaamlike dinge” (3:3) en menslike dinge” (3: 4)

Die ander twee teenstellings is dit wat agter teenoor dit wat voor is (3: 13_, en geestelike volwassenheid teenoor geestelike onvolwassenheid (3: 15)

Hierdie teenstellings gaan oor die teenstelling tussen die Here Jesus Christus se liefde vir ons en ons vertroue in sy liefde, en liefde vir Hom as Here teenoor mense se spiritualiteit of te wel hulle geestelikheid.

Paulus verklaar dat sy vertroue in Christus as Here is nou sy innerlike teenoor sy spiritualiteit van die verlede wat vir hom nou net iets uiterlik is. (1983) Sy spiritualiteit wat eers sy binnekant was, is nou sy buitekant. Sy spiritualiteit is vir hom nou net liggaamlike en menslike dinge wat niks met Jesus Christus te doen het nie. (2020). Sy spiritualiteit is nou vir hom iets wat agter hom is want Christus is sy toekoms. Sy vertroue in Jesus Christus as Here is geestelike volwassenheid en sy spirituele lewe is nou vir hom geestelike onvolwassenheid.

Christus is die innerlike van ons godsdiens, nie ons eie geestelikheid nie

Hierdie teenstellings verwoord die kontras tussen Paulus se Joodse geestelikheid waaruit hy weggekeer het tot geloof in Jesus Christus die Here: “Maar alles wat vir my wins was, reken ek nou as verlies, ter wille van Christus. Inderdaad reken ek alles as verlies, ter wille van die uitnemendheid daarvan om Christus Jesus, my Here, te ken. Ter wille van Hom het alles vir my ‘n verlies geword. En beskou ek dit as vuilis, sodat ek Christus as wins kan verkry en in hom bevind kan word – nie met my eie geregtigheid op grond van die wet nie, maar met die geregtigheid deur geloof in Christus.: (3: 7 – 9)

2. Kom ons gebruik die verskil tussen volwasse en onvolwasse ouerskap as voorbeeld om die verskil van geestelike volwassenheid in die geloof in Christus en die geestelike onvolwassenheid van die spiritualiteite van hierdie wêreld mee te verstaan.

Onvolwasse ouerskap is die ingesteldheid op die ervaring van ouerskap. Volwasse ouerskap is die ingesteldheid op jou kind as mens. ‘n Mens met sy eie lewe, eie behoefte, eie reg, eie persoon en eie lewensroeping en lewenstaak.

Dit is werklik ʼn ingrypende verskil.

Die ingesteldheid op jou ervaring van jou ouerskap gaan oor die opgewondenheid oor die andersheid, die nuutheid en al die nuwe moontlike wat vir jou ontsluit omdat jy verwagtend is. Dit gaan oor die innigheid wat jy ervaar in jou vertroeteling van die kind en die krag wat jy ervaar in jou versorging van die kind. Dit gaan oor die sinvolheid van die vervulling van die nuwe rol, amp en mag van jou ouerskap.

Om ingesteld te wees op jou kind gaan nie oor die sensasie of ervarings van ouerskap nie. Dit gaan oor die sorg en diensbaarheid aan die kind self. Dit gaan oor sy lewe en behoeftes, sy persoon en sy lewensmoontlikhede met sy eie toekoms en hoe jy dit as ouer it vir hom kan ontsluit.

Onvolwasse ouerskap gaan oor die romantiek van hoe jy in en deur jou kind jou eie lewe kan uitleef. Volwassenheid is wanneer jou kind jou innerlike is. Volwassenheid is wanneer jou ervaring van jou kind jou uiterlike is. Onvolwassenheid is wanneer jou ervaring van jou kind jou innerlike is en jou kind self jou uiterlike is.

Geestelike volwassenheid in die godsdiens is om die verskil tussen wat innerlik is en wat uiterlik is te kan aanvoel, te ken en te kan onderskei. Geestelike volwassenheid is om jou in te span vir wat innerlik van waarde is en nie op wat uiterlike is, ingesteld te wees nie. Dit is die groot deurbraak wat in die geloof in Jesus Christus gebeur: die ontdekking van wat innerlik is teenoor wat uiterlik is.

Die innerlike van ons godsdiens lê nie in ons eie hart, ons eie gemoed, ons eie gedagtes of ons eie gees nie. Ons eie liefdes, ons eie geestelike gedagtes en

Christus is die innerlike van ons godsdiens, nie ons eie geestelikheid nie

aanvoelings is nie die innerlike van ons godsdiens nie. Die innerlike van ons godsdiens is Jesus Christus, net soos in ons voorbeeld ons kind ons innerlike is. Dit is wat Paulus aankondig in hierdie vers waarin hy stel: "Ons het die ware besnydenis, ons wat God deur sy Gees dien, en nie op uiterlike dinge vertrou nie." (1983 vertaling) Die teenstelling wat Paulus hier maak gaan oor die Gees van God teenoor ons eie gees. Ons dien God deur die Heilige Gees wat Christus ons innerlike laat wees, nie deur ons eie menslike gees wat ons spirituele selfbelewenisse ons innerlike laat wees nie.

3. Paulus het weggedraai van sy Joodse spiritualiteit na Jesus Christus toe. Dit is die uitsonderlike van die openbaring van Jesus Christus – alles wat Paulus eers as sy innerlike van sy godsdiens geken het, het vir hom uiterlike dinge geword in sy vereniging met Jesus Christus.

In sy vereniging met Christus het Christus sy innerlike geword en sy eie spiritualiteit sy uiterlike. Dit is wat hy bely in die woorde: "[10] Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind, en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, [11] in die verwagting dat ek self sal deel hê aan die opstanding uit die dood."

Kyk wat noem Paulus ná sy vereniging met Christus alles wat vir hom nou uiterlike dinge is: sy besnydenis, sy geestelike herkoms en opvoeding om Israeliet en Hebreër te wees en sy innerlike vroomheid, gehoorsaamheid en toewyding as Fariseër.

Ons hoor nie meer vandag die diepte en omvang van sy geloofsbelydenis nie omdat ons dit wat hy hier noem vandag sien en hoor as tradisie, skynheiligheid, onegtheid en vormgodsdiens. Paulus is hier egter presies net besig om die teenoorgestelde te getuig. Hy wil juis wys hoe innerlik eg, vroom en toegewyd hy was in die belydenis van alles wat nou vir hom uiterlike dinge is. Om op die agste dag besny te wees, het gegaan oor die spirituele erns en ywer van sy ouers om die Here te dien volgens sy wet.  Om Hebreër te wees beteken in ons taal vandag om self innerlik en opreg ŉ mens te wees wat met die liefdesgebod van God besig is! Om Fariseër te wees beteken in ons taal om ŉ ywerige, ernstige, entoesiastiese, toegewyde geestelike mens gewees.

Dit is hierdie innerlike toewyding wat Paulus nou uiterlike dinge noem Presies dit wat ons vandag ken as om ŉ opregte, ernstige, entoesiastiese, opgewonde, vroom, ywerige, gehoorsame en toegewyde geestelike mens te wees.

Dit is die krag en impak van Paulus se geloofsverklaring oor sy vereniging met Christus Jesus. Alles wat ons vandag ken as mense se innerlike ervaring met God noem Paulus nou deur sy geloof in Christus – vuilis!  (Fil.3: 8)

Christus is die innerlike van ons godsdiens, nie ons eie geestelikheid nie

4. Christene se innerlike is die dinge waarmee die Gees van Christus Hom besig hou. (Rom. 8: 5 1983) Die Heilige Gees is besig met Jesus Christus, wie Hy is en wat Hy doen en hoe ons deel in wie Hy is en wat Hy ons laat wees deur ons vereniging met Hom. Dit is hoe Paulus nou die dinge van die Gees, Jesus Christus bedink (Rom.8:5 2020): "[10] Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind, en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, [11] in die verwagting dat ek self sal deel hê aan die opstanding uit die dood."

Die Gees van Christus is besig met sy lyding, sy kruisiging, sy sterwe, sy opstanding en sy verhoging aan die regterhand van die Vader en Hy laat ons hierdie dinge oordink. Die Gees van Christus is besig met hierdie innerlike dinge – Hy verenig ons met Christus as mens in die hemel op so wyse dat ons ingesluit is en deel het aan die lyding, kruisiging, sterwe en opstanding van Christus. So is Jesus Christus nou ons binnekant! .

Wat is ons binnekant en waarmee is ek in my binneste besig? ? My gees en die dinge waarmee ek my in my gees met myself besig hou, of die Gees van Christus wat Hom met Jesus Christus besig hou?

Wanneer Christus ons binne kant is, is ek in my binneste besig om Hom en my vereniging met Hom só te bedink: "Christus is die heilige en regverdige mens vandag wat ek nie is of kan wees nie." So bedink ek en hou ek my binneste besig met Christus. "Die Gees van Christus sluit my in en verenig my só met Christus dat Hy my onheiligheid, smet en ongeregtigheid aan die kruis was sodat ek voor God die Vader die heiligheid van Christus as mens deel, in Paulus se woorde staan ons voor God heilig, sonder smet en onberispelik. Kol. 1: 22. Daarom laat God ook my gebroke liefde vir Hom heilige liefde wees." So is ek met Christus in my binneste besig.

Daarom moet ons onsself afvra: "Watter gees is my binnekant, die Gees wat in my met Jesus Christus besig is of my gees wat met my geestelike ervarings besig is, die Gees wat my besig laat wees met die werklikheid "Wie Christus as mens is en wat Hy doen is myne en wie  ek as sondaar is, is Christus in my plek" of my gees met my spirituele ervarings van God se goddelikheid?

5. Geestelike volwassenheid is die vermoë om te onderskei tussen wat die belangrike innerlike dinge is en die onbelangrike uiterlike dinge. Dit is die geloofsdeurbraak wat Paulus maak deur sy geloof in Jesus Christus. In Christus het hy ontdek dat alles wat die diepste binnekant van sy geestelikheid was, is in Christus waardelose uiterlike dinge.

Dit is waardeloos om met jou eie gees en jou eie geestelike drome, visioene, aandoeninge en ervarings besig te wees. Dit gaan nie oor my geestelike ervarings

Christus is die innerlike van ons godsdiens, nie ons eie geestelikheid nie

en belewenisse met God nie. Dit gaan oor Jesus Christus! Jesus Christus is my binneste!

Geestelike volwassenheid is die ontdekking dat nie oor jou geestelike aandoenings gaan nie, maar oor Christus en wie Hy is en jou laat wees: heilig, vrygespreek, verheerlik, geseënd, onskuldig, beloon en geliefd in Christus.

Die afgodsdiens in ons kerk is die geestelike onvolwassenheid om Christus die buitekant van hul geestelikheid te maak en hul eie innerlike geestelike aandoenings hul binnekant te maak.

So keer hulle die bekering in geloof tot Christus om na ‘n innerlike inkeer in hul eie geestelike aandoenings. Vir hulle gaan bekering oor hoe diep jou gewetensworstelinge is, oor hoe opwindend en nuut jou verandering vir jou self is, oor hoe, waar en wanneer jy gevoel het jy ŉ sinvolle lewensverandering en hoe eg en opreg jy in jou geestelikheid is.  Om in bekering ingesteld te wees op jou ervaring van jou bekering, is onvolwasse. Dit is ŉ ingesteldheid op die uiterlike dinge.

Om jou in God se liefde tot sy liefde te bekeer, is geestelike volwassenheid. Want dan gaan dit om te bekeer uit en deur die heiligheid, die onskuld, die beloning wat ek reeds ontvang het in Christus en die liefde wat ek werklik reeds deel van is in Christus. So ŉ bekering is tot eer van God want dan gaan bekering net oor die eer van God en nie oor jou skuld, jou verlorenheid, jou nuutheid, jou versugtinge en geestelike aandoeninge nie.

Wat is jou binnekant? Jou opwindende ervaring van jou bekering of die eer van God dat ek sy wil aanvaar sonder enige ander rede as dat dit net sy wil is?

6. Christelike volwassenheid is om te bid tot God die Vader in Christus Jesus. Dit is om Christus se Vader aan te roep in die geloof dat Christus ons heilig en reg sy Vader se liefde stel, en dat ons so ‘n vrye toegang tot die Vader het. Beklee in Christus se heiligheid, smetloosheid en onberispelikheid (Kol.1:22) nader ons die Vader om Hom in gebed aan te roep en te vereer vir sy liefde, goedheid, barmhartigheid en voorsienige sorg. Daarom is ons eerste ingesteldheid in gebed sy eer met die bede: “Laat U Naam geheilig word, laat u koninkryk kom en laat u wil geskied.”

Meditasie is die nuwe geestelike onvolwassenheid van die kerk. In meditasie moet jy nie deur die geloof in Christus God die Vader vrymoedig nader en aanroep nie. Jy moet met innerlike geestelike oefeninge van stilte, selfminagting en selfontkenning jou self leeg maak sodat God jou met sy goddelike kragte, magte, persoon, wil en gesag moet kom volmaak sodat jy dit as heerlike geestelike aandoenings kan beleef.

Christus is die innerlike van ons godsdiens, nie ons eie geestelikheid nie

Die ongeloof in hierdie geestelike aandoenings in meditasie is dat as jy binneste met geestelike oefeninge leegmaak, dan maak jy jou self ook leeg van Christus wat jou binnekant is. Maak jy jou leeg van die onskuld, die heiligheid, regverdigheid, smetloosheid en onberispelikheid wat die Here jou innerlik laat wees en bedink jy niks meer wie Jesus Christus jou laat wees nie. Wat Paulus as vuilis reken word met meditasie mense se innerlike gemaak.

Christelike volwassenheid is om die Here in openbare eredienste as gemeente te vereer. Die erediens is net dit – ‘n erediens. In die geloof dat ons in God se liefde leef en ons liefde vir Hom in Christus reg en heilig is, roep ons god aan en dank Hom, eer Hom, loof hom en prys Hom vir wie hy as God is. Eer ons Hom deur stil na sy Woord te luister en hom te vertrou vir wie Hy is en wat Hy vir ons doen en lief te hê as ons Vader in Christus.

In die geestelike onvolwassenheid van afgodsdiens – word eredienste geestelike feestelikheid. Die geestelike feestelikheid waarin god ons met sy goddelikheid moet trakteer en opgewonde maak oor wat ons alles van God kan beleef.

Die moderne christelikheid keer met hulle spiritualiteit alles wat binne is om na buite en wat buite moet wees na binne toe en hulle  stel dit self so: “ek het eers net Jesus geken as die gekruisigde, maar  nou is dit vir my waardelose tradisiegodsdiens omdat ek nou God ervaar en beleef.”